IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 2.37 VOL. 391 PG. 22599 - 22653.

SAAKNOMMER: CC 482/85 PRETORIA

1988-04-28

DIE STAAT teen : PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST en ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

\- - - - - - - - - - -

KONTRAKTEURS : LUBBE OPNAMES

\- - - - - - - - - - -

VOLUME 391

(Bladsye 22 599 tot 22 653.)

DIE HOF HERVAT OP 28 APRIL 1988

CHRISTOPHER DOMESANI MODISE, sworn, states, (through interpreter)

FURTHER EXAMINATION BY MR TIP: Thank you, m'lord, all the accused are present this morning. Mr Modise, we were discussing at the time of the adjournment yesterday, the duration of the boycott in Thembisa which started towards the end of July and I want to ask you a few questions about the duration. First of all, did you yourself attend any further classes in 1984?

COURT: Yes, could I just have clarity. The first boycott, the three day boycott was a class boycott, but you went to school -- That is so.

Was the second boycott, that is the July boycott, also a class boycott, with you going to school; or was it an entire boycott of school, it was a school boycott? -- Ons het skool toe - we did go to school.

Thank you, that is now July.

MR TIP: That is the one, yes. I will try to get the further progress of the boycott before your lordship. Just to sketch it in general terms, for the rest of 1984 did you attend any further classes? -- From the 31st, that is the day the department officially closed the school, we kept on going to school until some time when an incident happened, namely the police directing or forcing the children out of the school premises.

Now can you remember approximately how long after the start of the boycott that was? -- Some few days after the official closure of the schools by the department.

And what happened? First of all, were you present on that occasion when the police came to the school? -- That is so, I was.

How many students were on the school premises then on

that / ..

that day? -- There were quite many students on the school premises.

Can you give his lordship a better estimate than that? Approximately how many? -- My estimation of the students or the scholars present there is between 900 and 1 000.

And when the police arrived, what did they do? -- What I remember happening there is that when the police came into the premises we were given time to leave the school premises.

Is that time given by the police? -- That is so.

Do you remember how long you were given? -- I will not remember exactly how long we were given, but it was a few minutes.

And what took place then? -- When this announcement was made by the police that we should leave the premises within some few minutes, the majority of children rushed to the gate leading out of the premises, as a result of the announcement by the police but because of the number of children that were on the premises being high, some of the students decided to jump over the fence; that is the fence surrounding the school premises.

Yes, continue describing the events? -- At some stage the police started hitting the scholars because some of the students, namely the girls, who were not able to run, some of them fell.

When you say the police hit some of the scholars, with what was that? -- Sjamboks.

Were you yourself hit? -- No, I ran.

And where did you go? -- I went through a portion of the township in the vicinity of the school, going to my aunt's place.

Now I would like you please to describe, during the days before the police came onto the school premises the students were meeting, were assembling at the school premises and what would

they / ..

they do there. Could you give his lordship please a brief description of what they would so? -- There were some discussions among the scholars themselves pertaining to the problems they were experiencing at school. There were times when some singing was going on at school.

Was the conduct of the scholars ever discussed? -- Yes, the senior scholars at the school were always talking to us about good behaviour.

Good behaviour in relation to what and how did it arise? -- It happened during the boycott that some of the students left the school premises, going for some drinks, having some few tots. As a result of that the senior scholars there addressed us on the question of good behaviour.

COURT: You mean alcoholic liquor? -- That is so.

MR TIP: You mentioned to his lordship that were some songs. How frequently would there be singing? -- I am not clear. We used to sing every day on arrival at school, though I am not clear as to what it means when a person says how frequent that was.

Would it happen often during the course of the time that you were there on the school premises, on a particular day? -- Not really often. Sometimes during the course of the day we would sing, yes.

Now I want you to continue your evidence from the point where you had been dispersed from the school premises. Did you yourself go back to the school thereafter? -- I did go back but not in the premises. I went as far as somewhere outside the school premises where I found some students in groups. I joined them.

What were the students doing in those groups? -- They were talking. This was in the form of small groups at which the

scholars/..

scholars were discussing amongst themselves in those particular groups.

COURT: But was this now still on the same day, the day of the dispersal by the police? -- No, that is not so.

When was that? -- It was some days after having been chased out of the school premises by the police.

MR TIP: In essence, what were the students discussing in those groups? -- The boycott situation was in fact discussed by the small groups.

Were you present at any more general meetings of the students? -- Yes, I was.

Where? -- I remember at one stage at Mathole cinema.

And how many meetings did you attend there? -- I remember having attended only one meeting at Mathole cinema.

And what was discussed there? -- The discussion there was about getting all the Thembisa scholars together in order to have discussions.

What about? -- We were to have discussions about the boycott situation. I am having a problem in remembering exactly what was said there in all, the reason being that just outside the cinema were the police, as a result of which the scholars who were attending this meeting in the cinema, kept on going out in fear of the police. I personally also was not at ease and not free. I had the same fright for the police that they might come in and hit us, therefore I am not in a position to remember what was in fact said there.

COURT: When was this meeting? -- Some days after we have met outside the school premises.

Yes, I am sorry. How long after the dispersal by the police at the school? -- About a week.

MR TIP: Just to complete the record, did the police take any action at that meeting? -- No, I do not remember the police doing anything to the scholars there.

And as far as you were aware, were there any further meetings held of the scholars at the Mathole cinema? -- As far as I know there was no other meeting which was held at the Mathole cinema.

I wonder if accused no.9 may be excused once again?

COURT: Certainly.

MR TIP: Did you come to hear anything about a parents' committee in Thembisa? -- Is the question a parents' committee?

A parents' committee. -- Yes, during the time when I say we had some discussions outside the school premises, the gist of that discussion there was about a temporary parents' committee.

COURT: To be formed? -- From the discussions there I understood that this committee was going to meet with the people in charge of education. This would happen in Pretoria.

MR TIP: Were the results of that committee's efforts discussed in your presence at all? -- I remember a certain day at the discussions mention was made of this committee having been to the superiors of education, and that had no good results in solving the existing problems.

Just to be clear..

COURT: What were the existing problems? -- When we were discussing this committee amongst ourselves, we entertained the hope that they will have a better word which would carry some weight to persuade the department to suspend the decision of suspending the classes.

How would that help? You had decided on a boycott? -- In this case I am talking about that because we were chased out

of the school and in saying this, what I mean is that the parents committee was expected to be able to persudade the department to re-open the schools because of the fact that we were chased out of the school.

To re-open the school so that you can sit outside the classes? Is that what you wanted? -- I am one person who was aiming at going to school and who in fact felt like being in school, but due to unforseen circumstances that took place at school, I found myself amongst those who were not attending classes.

Yes, now I am not blaming you personally. I just want to get the gist of what was happening at the time. I cannot see, let me explain my difficulty, I cannot see any purpose in persuading the department of education and training to re-open the schools if the boycott which you had decided upon was to continue. Did you at any stage have a resolution that the boycott was to end? -- According to the scholars what they expected from the authorities was that the authorities redress the problems that were existing at the school, and in considering that we would have seen that as their efforts of ending the problems. We did not expect them to just give in like that without having considered anything pertaining to our complaints.

So the parents' committee was to meet the department of education and training, not to ask them to re-open the classes, but to ask them to alleviate the grievances? -- To explain that, I will put it this way. The parents' committe had gone to see the department officials to ask them to consider our complaints and to re-open the schools.

Thank you.

MR TIP: Thank you, m'lord. Just one question arising from that. On the basis of your own observations, when the results

became known, can you give his lordship an idea of the feelings of the students who discussed this in your presence? -- The feeling among the scholars was that this committee did not help in any way.

And what then? -- I am just explaining the feelings of the scholars who had hoped on the committee. When the committee came back with the report.

I want to go onto a different aspect with you. Did you at some stage become aware that incidents of violence were taking place in Thembisa? -- Yes.

COURT: When was that? -- If I remember well, that was in July.

MR TIP: Did you personally witness any incidents of violence? -- Yes.

Do you remember approximately when that was? -- I will not remember that quite, but it was during the period when we were at home.

COURT: Yes, but that is a long period. It was between July and December. -- I am trying to explain the difficulty. I would say it was during September.

MR TIP: I do not want you to give a detailed description, but just identify the sort of incident that you witnessed? -- It was the stopping of a bread delivery vehicle by some youths whom I could see were not scholars. For me to say they were not scholars is because I could not identify anyone of them as one of my school mates amongst that group.

I had asked you yesterday to turn back to the question of COSAS. When approximately was it that you personally became aware of the existence of a COSAS committee in Thembisa? Can you tell his lordship when it was? -- I first became aware of an existing committee during the period late July, early

August / ..

August.

COURT: Where was this committee? -- I only became aware of a committee of senior scholars. They did not have a particular place where one could say would locate them, except to say it was a committee of senior scholars.

Of your school? -- I can say so, yes.

Why isn't your answer a plain yes? -- I say so, yes.

Thank you.

MR TIP: Do you know whether any stage it did have a particular place? -- Yes.

When was that and what was that? -- During the months of November and December I became aware of an office that existed, which office belonged to COSAS at Thembi shopping centre.

COURT: The COSAS of your school? -- COSAS in Thembisa.

That is for all schools? -- That is so.

How many schools are there? High schools? -- It was my own, Boitumelong, Jiyane was the third one.

Three? -- That is so.

And were they also senior secondary schools? -- Boitumelong and Jiyane are senior secondary schools.

That is schools going to st.8? -- Jiyane was the only one which did not have st.10, and Boitumelong if I remember well did have st.10.

Yes, thank you.

MR TIP: Thank you. Did you become a member of COSAS? -- No.

During 1984 did you know of any meetings called by COSAS in Thembisa? -- No.

Now throughout 1984 can you tell his lordship please whether there were any meetings of scholars or of anybody else at which you were present, any discussion about violent action being

taken / ..

taken against any persons or any property? -- No, I did not hear about that.

Throughout 1984, did you know anything about an organisation called the Thembisa Youth Organisation? -- No.

And MOYO? -- I only heard about an organisation which was on the eastern part of Thembisa, which organisation was meant for the youth who are members of the Catholic Church.

COURT: And that you think is MOYO? -- That is so.

MR TIP: Thank you.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR JACOBS: Nou Tshepo Mphuthi was in 1984 'n matriekleering in julle skool, is dit reg? -- Dit is reg.

En Greg Thulare, het jy so 'n persoon geken?

HOF: Spel asseblief.

MNR JACOBS: Greg Thulare (spel naam). -- Nee, ek ken nie so 'n persoon nie.

Was hy nie verbonde aan hierdie Jiyane Hoërskool wat jy netnou genoem het nie? -- Ek ken hom nie.

HOF: Kan ek net die spelling kry van Jiyane, asseblief? -- Jiyane (spel die naam) Dit is nie Guyane nie.

Jiyane? -- Dit is korrek.

Dankie.

MNR JACOBS: Reuben Letsela. -- Watter skool is hy?

Boitumelong. -- Nee.

En Philemon Letsela? -- Wat is sy skool?

Ken jy so 'n persoon?

HOF: Wag nou, help die getuie 'n bietjie. Hy wil weet watter skool.

MNR JACOBS: Boitumelong. -- Nee, ek ken hom nie.

Floyd Themba Malinga, van Boitumelong Hoërskool? -- Ek ken nie so 'n persoon nie.

En / ..

En Matome Kele? -- Nee.

Bengesa Samson Ntombeni?

HOF: Wat is die eerste naam?

MNR JACOBS: Bengesa Samson Thombeni. -- Nee, ek ken hom nie. Ek sit met 'n probleem hier. Ek ken hulle miskien op ander name wat hulle gebruik het by die skool. Dalk is hulle een van die mense wat saam met my was op skool, maar ek ken hulle op ander name.

Marcus Semetsi. Hy het 'n ander naam wat - Molatetsi is sy ander naam.

HOF: Mnr Jacobs, as u dit nie spel nie dan weet die arme tikster wat dit moet tik ook nie wat om te maak nie.

MNR JACOBS: Ek kan dit spel, edele. Sy van is Semetse en dan die ander naam wat hy ook by bekend is Molatetsi. (spel die name)

HOF: Nee, hy is Marcus Semetsi. Hy word ook genoem Molatetsi. -- Is sy naam Marcus?

Ja. -- Ek ken 'n Marcus daar by die skool.

MNR JACOBS: Is hy ook Semetsi? -- Ek is nie seker van sy van nie. Ek ken nie die van so goed nie, u sal my verskoon.

Was hy 'n senior gewees, 'n matriekleerling daardie tyd? -- Ja, hy was een van die seniors.

En Sipho Christopher Shabalala. -- Ek ken so baie Siphos dat ek nie eens kan onthou watter is hierdie een wat u van praat. Ek ken nie..

Baie Sipho Shabalalas? -- Nee, ek ken nie die Shabalala as 'n van nie. Ek ken net Siphos, maar die vanne kan ek net nie sê wat die vanne is nie.

Daar by jou skool was daar 'n Sipho wat in die senior klas was? Matriekklas?

HOF: Dit is net so goed as om te vra of daar 'n Jan in u klas was.

MNR JACOBS: Ek sal dit daar laat, edele.

HOF: En terwyl ons nou op die onderwerp is, u moet tog sorg dra dat ons rekord nie naderhand lyk soos die geslagregister in Kronieke nie nè.

MNR JACOBS: Soos dit u behaag. Ek wil dit aan u stel, die name wat ek nou aan u genoem het, uitgelees het hier, was die vier van COSAS wat bestaan het in 1984 in Thembisa. -- Ek glo nie ek het 'n antwoord daarop nie. Die rede daarvoor is dat u sê dit was in 1984 gewees. Ek het wel iets gedoen in 1985, die begin van 1985 omdat ek by die kantore uitgekom het wat gesê word dit is die kantore van COSAS. Dus in 1984 dra ek geen kennis wat met COSAS gebeur het daar in die omgewing nie.

En in 1985 toe jy by die kantore uitgekom het, wat het jy toe geweet van COSAS? Wie het jy toe daar ontmoet van die bestuur? -- Sal u my toelaat dat ek nou vir u breedvoerig kan sê hoe dit gekom het dat ek by die kantore van COSAS gekom het, dat ek dan kan sê wie almal daar was toe ek daar kom. Omdat ek vantevore verneem het dat COSAS is 'n organisasie wat te doen het met skoliere en die skoliere se probleme, in hierdie jaar, dit is 1985, het ek toe besluit om na COSAS se kantore toe te gaan na ek gehoor het dat daar so 'n kantoor was, om te gaan verneem wat die posisie is nou van skoliere in hierdie huidige jaar, bedoelende 1985. En wat die omstandighede is aangaande die skoliere wat skool toe wil gaan, wat is die posisie.

Ja? -- Met my aankoms daar vind ek dat daar 'n vergadering was in hierdie kantore. Mag ek aan u sê wat alles daar bespreek was in my teenwoordigheid by hierdie kantore?

HOF: Ek weet nie of die advokaat dit wil weet nie. Hy het

u / ..

u eintlik net gevra wie het u ontmoet by COSAS. -- Ek het klompes van skoliere daar in die kantoor gevind.

MNR JACOBS: Hoeveel van julle skool se mense wat jy daar gevind het was lede van COSAS se bestuur? -- Dit is moeilik om vir die hof te kan sê, edele. Met my aankoms daar vind ek dat daar net twee persone was by die tafel en die res van die mense is hiertussen op die vloer. Nou ja, onder daardie omstandighede sal ek nie weet wie almal op die bestuur van COSAS was nie.

Wie was die twee persone wat by die tafel was? Het jy hulle geken? -- Die persone was aan my onbekend. Ek het nie eens geweet wat die name was van die persone nie. Destyds daar het ons hierdie probleem gehad dat 'n mens nie eens kon gevra het wie daardie persoon was nie, want sodra jy vra dan kry die mense van jou 'n baie verkeerde indruk, dat jy een van die mense is wat die mense laat vang. Nou ja, ek het gevrees dat ek daarvan beskuldig sou word en toe besluit om nie te vra wie daardie persone is nie.

Wie is dit wat mense uitbring dat hulle gevang word, en teen hulle sou optree. Vir wie het jy daardie vrees gehad? -- Dit was orals in die lokasie gesê, edele, mense het daarvan gepraat.

Wie sou optree teen sulke mense? -- Die vraag is nie vir my duidelik nie.

Wie sou optree teen die mense wat ander uitbring, soos jy dit genoem het. Blykbaar is dit nou beriggewers. Kyk vir die hof asseblief, moenie agtertoe kyk nie. -- Ek weet nie of my verduideliking duidelik sal wees vir u nie. Ek het myself in die lokasie gevind dat ek met die mense te doene het waar ons miskien so gesels het of dat ek by mense gekom het waar die mense met mekaar praat van dat mense gevang word as gevolg van sekere mense wat mense se name uitgee. So wat met my gebeur het by hierdie

vergadering/ ..

vergadering is dat hier kom ek in die vergadering by COSAS se kantore. Ek vind dat daar mense is wat aan my nie bekend is nie. Ek dink nou, moet ek vra van die persone wie hulle is, wat die name van die persone is, en later miskien word hulle gevang. Dan sal dit gesê word soos ek gehoor het in die lokasie dat ek die persoon is wat die mense se name uitgegee het.

Nou na hierdie eerste besoek aan die kantore het jy toe uitgevind wie is die bestuur van COSAS, wie is die mense aan die bestuur van COSAS? -- Dit is die eerste keer dat ek na COSAS se kantore toe gegaan het. Hier vind ek hierdie persone en daar is 'n vergadering aan die gang. Die twee onbekende persone staan by die tafel, ek weet nie wat die mense se ampte is nie en daar was mense wat van die vloer af gepraat het. En so met die gevolg ek is nie in staat om vir u te kan sê wie van daardie mense op die bestuur van COSAS was nie.

Ek vra nou vir jou, ek sal die vraag herhaal. Na hierdie eerste besoek het jy daarna uitgevind wie is die bestuur van COSAS? -- Nee, ek het nie ondersoek ingestel nie.

Nou as ek reg onthou het jy vir die hof gesê dat jy vir die eerste keer van COSAS gehoor het tydens die - ek sal dit gerieflikheidshalwe noem die eerste boikot van klasse na julle ene, ons sal sê die Julie-boikot. -- Dit is so, ja.

Nou wat het u gehoor van COSAS by daardie geleentheid van die boikot toe? -- Wat ek gehoor het is dat daar 'n "local committee" was wat bestaan uit die senior skoliere.

Van julle skool of..? -- Ek praat van senior skoliere, uit die skoliere is daardie persone uitgesoek.

<u>HOF</u>: Nee, die vraag is eintlik senior skoliere van u skool. -- As ek reg onthou dit was nie net van my skool nie, dit was van verskillende skole.

Wie / ..

MNR JACOBS: Wie van julle skool se senior studente of senior leerlinge was op hierdie COSAS-komitee toe jy daarvan gehoor het? -- Gedurende die tydperk van boikot niemand het homself of haarself voorgestel as 'n lid van COSAS nie.

Nou hoe weet jy dan dat daar van jou skool se seniorleerlinge op daardie COSAS-komitee is? -- Die posisie is so, ek het gehoor dat daar bestaan 'n komitee van senior leerlinge.

Sonder enige name? -- Nee, ek het niemand se naam gehoor nie.

Nou wat was toe bekend gewees, wat doen hierdie senior leerlinge wat die COSAS-komitee gevorm het. Wat het hierdie komitee gedoen? -- Ek volg nie die vraag nie. Wat is die vraag?

Ek vra vir jou, jy het nou gehoor daar bestaan so 'n komitee in die tyd van onluste wat aan einde van Julie was. Nou wat het bekend geword, wat doen hierdie komitee van COSAS? -- Ek het niks gehoor van wat hulle doen nie.

So het jy net gehoor daar bestaan 'n komitee? Hoekom is dit dan gemeld? -- Ek is 'n skolier daar by die skool, saam met ander skoliere, my mede-skoliere. Ek hou van hulle, ons praat met mekaar. Dit was in daardie geselskap waarin ons betrokke geraak het met my medeskoliere wat ek hiervan gehoor het, sonder om te hoor wat die komitee doen; watse pligte hulle het, behalwe om te hoor dit is 'n komitee van senior leerlinge.

HOF: Ons gaan nou die verdaging neem.

DIE HOF VERDAAG VIR TEE / DIE HOF HERVAT

CHRISTOPHER DOMESANI MODISE, nog onder eed - (deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR JACOBS: Verstaan ek u dan reg in u getuienis dat u het net geweet daar bestaan 'n COSAS-komitee te Thembisa maar u het niks geweet wat hulle doen of wat hulle nie doen nie? -- Ja, want ek het eintlik geen belang gehad in COSAS nie.

En / ..

En COSAS in die algemeen weet jy nie eens wat dit daardie tyd, voor die einde van 1984 geweet waarmee hulle hul bemoei of wat hulle doen nie? -- Ek het bietjie van 'n probleem op u vraag. Hier het ek vir die hof gesê dat ek het gehoor van die bestaan van 'n komitee. Is u vraag nou beperk op die komitee is of u vraag wat COSAS in die algemeen gedoen het? Ek verstaan nie die vraag nie.

Ja COSAS in die algemeen. Van die komitee het jy nie geweet wat hulle doen nie tot die einde van daardie jaar. Nou vra ek vir jou oor COSAS in die algemeen. Het jy geweet waar voor COSAS gestaan het tot aan die einde van daardie jaar? -- Nee, ek kan nie daarop antwoord nie.

Hoekom nie? Dit is òf ja òf nee. -- Soos ek alreeds gesê het ek het geen belang gehad in die doen en late van COSAS nie. Al het ek van COSAS in die algemeen in koerantberigte gelees, maar ek het nie belangstelling gehad in die hele ding nie, om te weet waaroor dit gaan en wat doen hulle presies nie.

Het jy geweet of het jy nie geweet wat COSAS, die groot organisasie COSAS, besig is om te doen, waarmee hulle besig is en wat hulle doen nie? -- Nee.

Is jy baie seker daarvan? -- Dit is so.

Goed, as jy nie geweet het wat die groot organisasie COSAS in die algemeen doen nie, of hierdie komitee doen nie, hoekom het jy met jou probleme gegaan na hulle kantoor toe? Oor skoolprobleme spesifiek? -- Ek sê ek het van COSAS in die koerantberigte gelees. Nou wat die werk van COSAS was - dit is nie duidelik wat u daar bedoel met die woord wat COSAS gedoen het.

Maar dit was nie my vraag nie. My vraag was hoekom het jy met jou probleem oor skoolbywoning na COSAS se kantore in Thembisa gegaan? -- Ek sê dat ek gelees het in die koerantberigte

oor / ..

oor COSAS waarin gesê was dat COSAS is eintlik in ooreenstemming mt die klagtes van ons, so dit was om daardie rede dat ek na hulle toe was.

Het jy gehoor of geweet dat COSAS voer kampanjes oor SRCs, lyfstraf, skoolboeke, ouderdomsbeperking en molestering van dogters. Dat dit korttermyn knelpunte is wat COSAS gebruik? -- Wat was die ander?

Ek het nou nie gehoor hoeveel het u getolk nie, mnr die Tolk. -- Ek het skoolbeperking..

HOF: Daar was SRCS, lyfstraf, die ouderdomsbeperking, skoolboeke en die molestering van dogters.

MNR JACOBS: En onbekwame onderwysers was die ander een. -- Wat ek geweet het was dat dit die vereistes was ons skool; dat COSAS iets daarmee direk te doene gehad het, weet ek nie.

Maar wat het jy dan nou-nou bedoel met jou antwoord dat jy gelees het in die koerante dat COSAS het te doen met eise soortgelyk aan dié wat julle het? -- Ek weet nie of ek myself duidelik maak nie. Ek het gesê ek het in die koerante gelees aangaande COSAS aan die begin van die jaar, dat COSAS is 'n organisasie wat die skoliere se probleme insien. Ek het nie gesê dat COSAS by die skole bestaan het nie, en ek het ook nie gesê dat COSAS deel gehad het aan die vereistes van die skoliere nie. Al wat ek gesê het was dat COSAS is in 'n posisie om die probleme van die kinders te sien.

Kyk, het jy gelees - ons kan dit korter maak - het jy gelees dat COSAS, laat ons dit duidelik kry, aan die begin van 1984 - jy het nou die woord gebruik "aan die begin van die jaar" - as jy verwys na die begin van die jaar, verwys jy na die begin van 1984? -- Al wat ek bedoel is dit is in 1984.

As jy sê begin van die jaar, begin van 1984 wat jy gelees

het / ..

het van COSAS, reg? -- Wil u hê ek moet spesifiek wees en vir u sê watter maand praat ek van?

HOF: U het gepraat dat u in die begin van die jaar in koerante gelees het. Nou wil ek net weet, die advokaat wil weet in 1984, 1985, 1983 of watter jaar praat ons van? -- Ek praat van die jaar 1984.

MNR JACOBS: Nou toe jy dit gelees het, het jy gelees dat COSAS het die knelpunt van die verwerping van prefekte en die verkryging van studenterade as 'n knelpunt aangeneem? -- Verwerping van die prefektesisteem en..?

En die verkryging van studenterade.

HOF: Ek dink u moet 'n studenteraad maar 'n SRC noem, soos almal dit noem.

MNR JACOBS: Soos u behaag. -- Bedoel u in die tyd wat ek die koerant gelees het, is dit wat daarin gesê was?

Het jy net eenkeer in die koerant gelees of het jy verskil-
K1331 lende tye in die begin van die jaar koerante gelees van 1984? -- Ek is 'n persoon wat baie koerante lees. Eintlik van daardie tyd af tot nou toe.

Nou daardie tyd het jy gelees dat COSAS ook agiteer teen prefekte en eis dat daar SRCs moet wees in die skole in die land? -- In die lees van my koerante sê u?

Het u moeilikheid om die tolk te verstaan? -- Nee, dit is die vraag wat ek nie so goed verstaan nie.

Maar ek het dit nou al 'n paar keer herhaal dat toe jy die koerante gelees het, het jy dit in die koerante gelees. Wat verstaan jy nie daarvan nie? -- Dat COSAS eers deelneem.

Antwoord nou my vraag, asseblief. -- Ja, ek is bereid om u vraag te antwoord.

HOF: Ja, laat ek nou die vraag vir u gee. Die vraag is of u

aan / ..

aan die begin van die jaar van 1984 gelees het dat COSAS die verwerping van die prefektestelsel voorstaan en staan vir die verkryging van SRCs. -- Na ek die koerant gelees het, het ek die indruk gekry na aanleiding van wat ek gelees het in die koerantberig, dat COSAS is eintlik saam met die student, staan saam met die studente oor die klagtes van die studente.

Ja, antwoord nou die vraag asseblief. -- Die indruk wat ek gekry het na ek die koerant gelees het is COSAS is ŉ organisasie wat saam met die skoolkinders dieselfde probleme identifiseer en is ook teen daardie probleme. Ek weet nie of dit die antwoord is nie.

Met die probleme bedoel u nou die prefekte en die SRCs? -- Dit is so, ja.

Ja, dankie.

MNR JACOBS: En ook die lyfstrafvraagstuk? -- Al die probleme wat by die skool bestaan het wat ek alreeds genoem het.

Sò jy het geweet op die stadium toe julle op ŉ stadium vergadering gaan hou het, het jy geweet dat hierdie probleme wat jy nou opgenoem het vir die hof, word op ŉ landswyse basis aangepak? -- Landswyd?

Ja, by alle skole oor die land, swart skole. -- Ek volg nie die vraag so mooi nie.

Toe jy die koerantberigte gelees het, het jy gelees dat COSAS identifiseer himself met al die skole in die land, swart skole waar hierdie selfde probleme voorgekom het. -- Soos ek alreeds gesê het volgens wat ek verstaan het nadat ek die berig gelees het, COSAS is een van die organisasies wat die skoliere se probleme identifiseer en wat dit ook verwerp.

Wat dit verwerp? -- Verwerp. Wat dit betref kan ek nie sê of dit nou landswyd is dat COSAS die skoliere ondersteun nie.

Sal / ..

Sal jy ook saam met my stem as ek dit dan so aan jou stel dat hierdie probleme wat jy gister vir die hof opgenoem het, is nie net probleme eie aan die Thembisa High School nie? -- Ja, dit is so. Dit het ek agtergekom onmiddellik toe Boitumelong se kinders ook weggebly het van die klaskamers, dat dit nie net ons skool was wat daardie probleme gehad het nie.

Het jy dit agtergekom nadat hulle weggebly het of het jy dit voor dit al agtergekom? -- Dit is na die kinders van Boitumelong die klasse geboikot het dat ek bewus geword het van die feit dat dit nie net ons skoolkinders se probleme was.

Wanneer het jy dit agtergekom? By watter geleentheid het jy dit agtergekom? -- Dit was op die stadium toe Boitumelong se kinders weggebly het van die klaskamers af.

Was dit nou toe julle die vergadering gehou het daarna of wanneer? -- Ek weet nie of ek myself duidelik uitdruk nie. Wat ek sê is dit. Nadat ons ons boikot beëindig het en teruggekeer het na die klaskamers het Boitumelong se kinders toe daarmee begin. Dit is toe op daardie stadium wat hulle begin het om die klasse te boikot dat ek besef het dat hulle ook dieselfde tipe probleme gehad het.

Dit is vir my baie eienaardig dat u nou besef het dat hulle dieselfde probleme het as u nie eens weet wat is hulle probleme of waaroor het hulle geboikot nie. Dit is wat ek probeer vasstel van jou. -- U moet nie uit die oog verloor dat ons almal in dieselfde lokasie woon en kinders van Boitumelong en ons kan met mekaar praat in die lokasie. In die pratery sal ene miskien vra van wat gebeur het by jou skool en dan word jy vertel. Dit is hoe jy weet van die goed.

Ek sal die aspek - ek wil net aan u stel dat u is besig om vir die hof hierso baie leuens te vertel. Hierdie dinge was

georganiseer / ..

georganiseer in daardie hele Thembise, die skoleboikot, man. -- Ek kan nie verstaan dat u vir my sê dat ek leuens vertel nie, want ek vertel hier die waarheid. Dinge wat ek gesien het met my eie oë.

Want gister in jou getuienis het jy gesê blykbaar het jy eers agtergekom wat is hulle probleme toe julle nou vergadering gehou het. -- Dit is heeltemal reg, dit was my getuienis gewees maar die vraag vandag hier was het ek geweet wat die probleme is van Boitumelong se kinders. My antwoord op die vraag was dat ons woon saam in die lokasie met die kinders van Boitumelong.

Met ander woorde die hoe is dan jy het dit nie op die vergadering gehoor nie, die eerste keer nie?

HOF: Waar het hy gesê dat hy dit op die vergadering gehoor het?

MNR JACOBS: Dit is die indruk wat ek gekry het en hy het dit nou bevestig (gelyk)

HOF: Wel ek wil nie hê u moet u indrukke gee nie. Gee vir my die verwysings. Ek kan nie sien dat ek dit afgeskryf het nie, ek mag verkeerd wees, maar u is nou besig om aan te karring met hierdie getuie oor iets waaroor u drie vrae kon gevra het.

MNR JACOBS: Soos dit u behaag, edele. Die vergadering wat julle in Februariemaand in julle skool gehou het in 1984, wie het daardie vergadering georganiseer en byeengeroep? -- Sover ek onthou was dit die senior skoliere wat dit gereël het.

En wie het voorgesit op hierdie vergadering? -- 'n Persoon met die naam van Docta.

En Tshepo Mphuthi? -- Nee, nee.

Was hy op die vergadering? -- Ek het nie opgelet nie.

Wie het die voorstel gemaak dat die klomp klagtes wat u gister opgenoem het, dat dit klagtes is - wie het dit voorgestel? -- By die vergadering van die skoliere in die saal was daar

mense / ..

mense wat gepraat het. Dit was nie net een persoon nie.

Was daar 'n Alfred Maruapula, een van die mense wat ook daar gepraat het en die voorstelle gemaak het? -- Nee, ek onthou nie 'n persoon met die naam van Alfred wat daar voorstelle gemaak het van die klagtes nie.

Hierdie Alfred was hy een van die senior leerlinge van julle skool? -- Daar is baie senior skoliere by ons skool.

Ken jy hom, dit is wat ek vra. Ken jy hom, ja of nee? -- Wie, Alfred Maruapula?

Ja. -- Nee, ek ken nie so 'n persoon nie.

Nou is dit so dat gedurende 1984 het die onderwysdepartement wel toegestem dat studenterade prefekte kon vervang by die skole in die swart gebiede?

ASSESSOR: Wanneer? Ekskuustog? Wat is die vraag?

MNR JACOBS: Ek sê in 1984, einde se kant van 1984.

ASSESSOR: Einde 1984.

HOF: Ek glo dit is in Mei 1984.

MNR JACOBS: Ek het nie die presiese datum nie, maar..(aarsel)

HOF: Ja, stel maar in 1984. -- Nee, dit was nie so nie.

MNR JACOBS: En dat die ontevredenheid daarna was heeltemal toe oor iets anders. -- Ek is nie duidelik oor die vraag nie.

Is dit nie so dat die departement van onderwys het toegestem tot SRCs maar hulle het gesê dat hulle sal die grondwet van die SCRs opstel? -- Ek onthou nie dat daar 'n SRC was by ons skool in die jaar 1984 nie.

Dit is nie wat ek jou gevra het nie.

HOF: As u nie weet nie, sê net u weet nie. -- Voor ek enige besliste antwoord op daardie vraag sal gee, sal ek vra dat die advokaat die vraag herhaal.

MNR JACOBS: Goed. Ek wil net die presiese woorde kry.

HOF: Die vraag is die departement van onderwys en opleiding het toegestam tot SRCs maar hulle het gesê hulle sal die grondwet opstel. Die vraag is weet u daarvan? -- Nee, ek weet nie.

MNR JACOBS: Sien, ek wil dit ook aan u stel dat die tyd toe dit toegestaan is deur die departement was dit deur COSAS verwerp, daardie toegewing en gesê hulle wil (tussenbeide)

HOF: Is u besig om die saak met die getuie te argumenteer? Indien wel, kan u maar wag tot die einde van die saak en dan kan u dit met my argumenteer.

MNR JACOBS: Ek wil aan hom (tussenbeide) .

HOF: Die getuie sê hy is nie 'n lid van COSAS nie, hy is 'n st.8 leerling, die seniors het die goed gereël. Hy weet baie min van COSAS af. Hy weet nie van hierdie ding van die departement nie, hy het maar net dinge gehoor. Waaroor stry jy met die getuie? Waar gaan ons heen in hierdie saak?

MNR JACOBS: Dit is belangrik het ek gereken.

HOF: Wel, as dit belangrik is dan maak u die punt en u gaan aan, maar as die getuie nie weet nie, dan weet die getuie nie.

MNR JACOBS: Ek sit met 'n probleem. Die getuienis wat hierdie getuie wil voorgee hier is dat daar geen organisasie in Thembisa georganiseer het volgens sy kennis nie, maar dit het alles spontaan ontstaan by hulle skool.

HOF: Dit is gaaf, maar wat het die toestemming of nie toestemming van die departement van onderwys oor SRCs met die ding te doen? Hoe moet hy daarvan weet? Is hy veronderstel om daarvan te weet?

MNR JACOBS: Ek gaan net op sy weergawe, met alle respek, toe hy gesê het - ek wou aan hom gestel het dat toe die ouerkomitee gegaan het om die departement te gaan sien op daardie stadium, was daar al SRCs dan is hy verkeerd in sy getuienis omtrent

daardie / ..

daardie aspek.

HOF: Dit is gaaf. Dan argumenteer u dit aan die einde van die saak. Dan sal ek baie kennis neem van daardie argument, as dit 'n goeie argument is. Wat is u volgende vraag?

MNR JACOBS: Soos dit u behaag. Is dit reg dat gedurende die tydperk van die skoleboikot was aldrie hierdie skole gebrand gewees, dit is u skool, die Thembisa High School, die Jiyaneskool en die Boitumelongskool. -- Ek onthou net van my skool, naamlik Thembisa High School.

HOF: Was hy heeltemal afgebrand of net gedeeltelik? -- Ek onthou van 'n gedeelte daar, 'n kantoortjie. As ek reg is net die vensterruite was gebreek gewees en dié was baie wat gebreek het.

Ons praat nou van brand. -- Ek onthou nie dat die skool aan die brand gesteek was nie.

MNR JACOBS: In watter seksie woon u in Thembisa? -- Nqansa.

Gedurende Novembermaand 1984 was daar 'n wegbly-aksie gewees en het dit plaasgevind in Thembisa? -- Ja, dit is so.

En gedurende daardie wegbly-aksie was daar grootskaalse geweldpleging in al die afdelings in Thembisa. -- Ek is nie in staat om vir die hof te kan sê of dit grootskaals was of nie. Die rede is dat toe ek die oggend opgestaan het, het ek gehoor dat daar skote gevuur word en met dié het ek toe bang geword. Ek het nooit uit die perseel gegaan nie, dus sal ek nie kan sê of dit op groot skaal was of wat die posisie was nie.

Was daar mense wat omgekom het in daardie onluste? -- As ek reg onthou iets van daardie aard was gesê dat daar mense was wat omgekom het in daardie tyd.

Enige kinders van julle skool in daardie onluste omgekom? -- Nee.

Het jy 'n begrafnis bygewoon op 17 November 1984 toe 'n

massabegrafnis/..

massabegrafnis gehou was in Thembisa? -- Watter dag van die week was dit gewees? Miskien sal ek onthou.

Ek weet nie watter dag nie, ek kan net sê dit was die 17de gewees.

HOF: Weet u hoeveel mense begrawe is?

MNR JACOBS: Ek dink sewe is begrawe volgens die program wat ek het. -- As ek reg is, ja. As dit daardie begrafnis was, was ek daar.

En ek wil dit aan jou stel dat as jy daar was, dan daardie begrafnis was gereël deur COSAS in Thembisa. -- Dit weet ek nie. Al wat ek gedoen het, ek het net die begrafnis bygewoon.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel, ek wil aan jou toon BEWYSSTUK ABA.46. Dit is 'n program van daardie begrafnis wat daar uitgegee was, met die foto's van al die mense - of ses van die mense wat daar begrawe is. -- Ek het nie so-iets gesien nie.

Ken jy enige van die mense wie se foto's daarop verskyn? -- Nee, nie een van die mense wie se foto's hier verskyn, ken ek nie.

Kan u net vir my aangee? En op hierdie begrafnis is die mense wat daar gepraat het voorgestel aan die mense daarso en dit is gesê wie is die mense wat praat en waarvandaan kom hulle. -- As ek reg onthou die begrafnis was daar 'n predikant gewees wat gepraat het en daar was ook 'n gesingery aan die gang.

"Freedom songs" soos hulle sê - vryheidsliedere? -- Ek weet nie waar om 'n lyn te trek om vir u te kan sê nie, want al wat ek gehoor het wat gesing word daar is liedere.

En op daardie..(tussenbeide)

HOF: Wat bedoel u met "waar om 'n lyn te trek"? Was daar liedere wat kerkliedere was en liedere wat nie kerkliedere was nie? -- Ek onthou van 'n kerklied wat ek gehoor het wat ek nog kan

noem / ..

noem.

Ja, my probleem is ek verstaan nie wat u bedoel met "ek weet nie waar om die lyn te trek nie". -- Dit is ŉ antwoord op die vraag van die advokaat oor vryheidsliedere. Byvoorbeeld "freedom songs" en watter "songs". Nou ja, ek weet nie waar om ŉ lyn te trek om te sê die een is ŉ "freedom song", hierdie is nie ŉ "freedom song" nie.

Nou watter dink u was "freedom songs"? -- Om u duidelik te antwoord sou ek sê ek het net die liedere daar aanvaar as liedere wat gesing word. Dit het nooit by my opgekom dat ek moet dink watter een is hierdie, of dit nou ŉ "freedom song" is nie.

En as u nou dink? -- Ek vind dit moeilik om nou ook vir u te kan sê of dit "freedom songs" was of kerkliedere was.

MNR JACOBS: En kan jy onthou dat op hierdie begrafnis was ŉ persoon voorgestel en wat daar gepraat het as ŉ verteenwoordiger van COSAS se Thembisatak? -- Nee.

Het jy herdenkingsdienste bygewoon onder andere een in Junie 1984? -- Nee.

Jy het nooit herdenkingsdienste soos die een van 16 Junie ooit bygewoon nie? -- Nee.

Het jy ooit massavergaderings gedurende 1984 in Thembisa bygewoon? -- Nee.

Die vergadering wat jy in die teater of "cinema" bygewoon het, dit is die Mathole "cinema", wie het dit georganiseer? -- Al wat ek kan sê is dat ek gehoor het van mense dat daar ŉ vergadering gehou gaan word by die "cinema" van Mathole. Wie dit georganiseer het weet ek nie.

Wie het voorgesit op daardie vergadering? -- Ek onthou van ŉ persoon, ŉ manspersoon wat daar voor gaan staan het maar met

die / ..

die heen-en-weer beweging wat die mense na die polisie gaan kyk het daarbuite, het hy ook weggegaan van voor af.

So met hierdie hele deurmekaarspul waar jy nou so angsbevange was, kan jy ook nie eens vir die hof sê of mense van COSAS daar was of nie, en/of gepraat het namens COSAS nie? -- Nee, ek kan nie want ek was geskrik gewees oor wat moontlik daar buitekant gebeur.

HOF: U het vir ons vertel dat daardie vergadering het ten doel gehad om te reël vir 'n ander vergadering waar almal nou bymekaar kan kom. Is daardie ander vergadering ooit gehou? -- Die vergadering wat ek bygewoon het wat ek van gehoor het, is die ene wat die eerste vergadering is wat ek bygewoon het by Mathole "cinema". Ek onthou nie dat daar weer gereël was vir 'n ander vergadering nie.

MNR JACOBS: Ek wil dit aan u stel dat die tak van COSAS in Thembisa is gevorm in 1983. -- Ek het nie 'n antwoord daarop nie behalwe dat ek miskien vir die hof kan sê dat ek het nie juis veel ag geslaan nie en dus nie daarvan geweet nie.

Was daar nie in 1983 georganiseer by die skole en onder andere Thembisa Hoërskool waar jy op daardie stadium was, dat die kinders moet bymekaar kom vir die stigting van Thembisa COSAS nie? -- Nee, ek het nie daarvan gehoor nie.

Vir die hof se gerief kan ek net sê ek verwys in dié geval waar ek sê dit was in 1983 gevorm, daar was 'n verslag van Thembisatak op die kongres, die 1983 kongres van COSAS in BEWYSSTUK AW.18. Dat Thembisatak was gevorm in 1983. Is dit nie so nie dat u weet eintlik niks van die organisasie MOYA nie? -- Soos ek al vroeër gesê het, dit is wat ek gehoor het dat daar bestaan 'n organisasie van MOYA in die gedeelte van Thembisa. Dit is die jeugdiges wat in die Roomse kerk behoort.

En is dit reg dat u het nie geweet wat is hulle doelstellings waarmee hulle hul besig hou, watter kampanjes hulle voer nie? -- Nee, ek het nie geweet nie.

Het u geweet of kan u dit betwis dat hierdie MOYA later verander het na die Thembisa Youth Organisation of "comrades"? -- In die jaartal 1984 het ek nie daarvan geweet dat MOYA van naam verander het na 'n nuwe naam nie.

Het jy later, na 1984 daarvan geweet? -- Nee.

Is dit reg dat u het geen kennis van Thembisa Civic Association en wat dit gedoen het in Thembisa nie? -- Nee, ek weet niks nie.

En is dit ook reg om te sê dat jy het ook nie - jy het dit alreeds gesê - geweet waarmee COSAS in Thembisa hom besig gehou het nie en jy kan ook nie vir die hof kategories sê dat COSAS se Thembisatak is nie verantwoordelik vir die organisering van hierdie skoleboikotte nie? -- Ja, dit is so.

Dankie, edele.

<u>RE-EXAMINATION BY MR TIP</u>: Thank you. You were asked by my learned friend whether you knew about the acceptance by the department of education and training of SRCs, subject to them drawing up the constitution themselves and you said you did not know about that. Is that correct? -- Yes, that is so.

Did you in the course of 1984 hear anything about pupil representative councils? -- In 1984?

In 1984?

<u>COURT</u>: Meaning that a pupil is an apprentice student?

<u>MR TIP</u>: It was a different body, m'lord. Well, the term is pupil representative council. Did you hear that term in 1984? -- Yes, I heard of that, namely the pupil representative council.

Where did that term come from? -- I remember this name

about a meeting that was held with one of the heads of the education department, Mr Pretorius, which meeting was held at Rabasotho hall at Thembisa. For this name to have been there there were some talks which were held between my schoolmates and this person from the department of education.

COURT: When was this? -- If I remember well, that was in August.

1984? -- Yes.

Now in what connection were pupil representative councils mentioned? -- If I remember well it was as a result of Mr Pretorius objecting to our students calling themselves students saying that they were pupils and whereas he was there because he was to address the students.

So a SRC would now be a PRC? (Laughter)

MR TIP: I do not know if the present witness is the one to detail the..

COURT: I do not think we are getting anywhere.

MR TIP: Yes, perhaps I could conclude this by two more questions. Did Mr Pretorius give an outline of the PRC to the students at that meeting? -- Yes, he was sort of trying to explain to us why we are not supposed to call ourselves students and trying to explain the difference between a student and a pupil.

Just one last question. Was what was put forward as the PRC acceptable to the students at that meeting?

COURT: Well, we have not heard that it was put forward yet. The only thing we have heard so far was that Mr Pretorius was debating the meaning of the word "students" with the pupils who were attending.

MR TIP: Yes, I think we should take it further through another source. I have no further questions.

NO FURTHER QUESTIONS

MR TIP: The following witness is Mandla Petros Mazibuko who will testify about certain events in Deduza.

MNR JACOBS dui aan dat mnr Fick Deduza sal doen.

MANDLA PETROS MAZIBUKO, sworn, states (through interpreter) -

EXAMINATION BY MR TIP: You are a man of 41 years old, married with two children and a resident of Duduza? -- Yes, that is correct. (Interpreter: I was just asking him to speak a bit louder).

COURT: Yes, the people at the back would like to hear you.

MR TIP: And did you work as a welder at Union Carriage for approximately 20 years until being retrenched in February 1986? -- Yes.

And apart from occasions when you get temporary work, are you presently unemployed? -- Yes.

When did you move into Duduza? -- I won't remember exactly what the year was, it is about 20 years now.

When you moved into Duduza what was the condition of the housing that you were allocated? -- The house into which I moved at Duduza did not have a floor, instead one would find grass. The walls were not plastered, it did not have a ceiling; no inside doors. All that was done by me.

COURT: that was understood, I take it? -- I beg your pardon?

Did you get the house on the basis that it was merely a shell? -- That is so. I was not the only one.

MR TIP: His lordship has already heard about other aspects of the housing in relation to water, electricity and sewerage; I am not going to ask you to repeat those, but I want to ask you, from the time that you moved in until the middle of 1985, were any improvements brought about by the authorities? -- No.

I want to come directly now to the recent years. Did

you / ..

you at a certain stage hear about a proposed increase in your rental of R9 per month? -- It was first increased by an amount of R4 and with the understanding that there was going to be an improvement to the living conditions of the township; which R4 was paid. After some time which I cannot tell after how long it was, it was said that the rent was again being increased by the amount of R9, and in doing that the same theme was said, that it was for the improvement of the township, repeating what was said before.

What was your attitude to the R9 increase and the payment thereof? -- I was not happy about that as a person but later when I discussed it with my neighbours, I discovered that they were also not happy about that.

Did you come to hear about an organisation known as the Duduza Civic Association? -- I heard about it at some discussions.

Did that organisation have anything to do with your attitude to the R9 a month increase? -- Would you just repeat that?

You have told his lordship that you were unhappy about the R9 increase. The question is did the Duduza Civic Association have anything to do with making you unhappy? -- No, I was not incluenced in any way by the Duduza Civic Association to have that kind of a feeling about the increase. In fact, the very first increase did not satisfy me but I did not know what to do then. When this second one was being implemented, I was already in this feeling of not being satisfied.

On 4 November 1984 were you present at the funeral of Douglas Nchunu? -- Yes, I was.

Did you see the coffin of the late Mr Nchunu? -- Yes, I did.

Did you see the coffin in the course of the procession from the hall where the ceremony was conducted to the graveyard?

Yes / ..

-- Yes, it was during that time.

Did you at any stage notice whether there was a flag on the coffin? -- No, I saw the actual coffin and could see how beautiful it was, otherwise if this was covered with a flag I would not have seen that.

Do you recall whether or not you saw any banners at that funeral? -- What is a banner?

Well, it is a piece of cloth with two sticks at the end by which it can be held up, with the name of an organisation or something similar printed on it. -- Yes, if I remember well I saw one from the trade union MAUSA.

Just for record purposes I could detail it. Is that UMMAWOSA?

COURT: MAWUSA? -- UMAUSA.

UMAUSA? And what does it stand for? -- I do not know what that stands for.

Yes, thank you.

MR TIP: Do you recall any other banners? -- I do not recall any other banners except for the T-shirts that were worn.

What T-shirts were those? -- FOSATU and UMAUSA T-shirts.

Now I want to go on to 17 February 1985. Did you attend a public meeting on that day? -- When was this, 1975?

17 February 1985. -- Yes, I did go.

And did you know who had called that meeting? -- Yes, I knew about it because I found a pamphlet in which the invitation was being made, in my yard.

And did the pamphlet explain what the meeting was to be about? -- Yes, it explained.

And what was this? -- The problem we had, namely the bucket system.

COURT: And where was it held? -- At the Dutch Reformed Church.

MR TIP: Now when you went into the Dutch Reformed Church, was it in the church itself or was there a hall, if you could perhaps just indicate to his lordship? -- In the church building.

And inside, was there a platform or what was at the front of the hall? -- There was only a table there, no platform.

Were there any people there that you can remember at that table at the front? -- There are people I still remember. Alexander Montoedi. I forgot this one what his first name is, but his surname is Mphuti.

Did you know whether or not any of these people belonged to any organisation? -- Yes, I knew.

And what was the organisation? -- They were members of the civic association.

Did you know what their positions were in that association? -- No, I did not know what.

I am going onto the matters that were discussed.

COURT: Yes, this might be a convenient time to adjourn.

THE COURT ADJOURNS FOR LUNCH / THE COURT RESUMES

1332 MANDLA PETROS MAZIBUKO, still under oath (through interpreter)

FURTHER EXAMINATION BY MR TIP: Talking about the meeting of 17 February 1985 at the Dutch Reformed Church, when you came in what was happening at the meeting? Who was speaking or what was taking place? -- Well, on my arrival there the meeting had already started. At that time the audience were mentioning their complaints to the meeting.

Complaints about what? -- The complaints were about that it was good that this kind of a meeting was held because they had the following complaints: the bucket system that they were sick and tired of because the buckets were being taken out

into / ..

into the streets and left there and the contents was sometimes spilled out of these buckets. In the meantime the children were playing in those streets and at the same time water is to be drawn from the streets and therefore it was causing some diseases.

And what did people say further about this problem? -- This meeting was held on a Sunday. The discussions at this meeting went on until a decision was reached that people must go to the office; some saying let us go to the offices now, meaning that time on a Sunday. Some saying no, let us go there on a Monday, which was the following day. There was some argument about whether we go there on a Sunday or not, until a decision was reached that we take the buckets to the office despite the fact that the whites were not there. On arrival at the offices, finding the buckets there, that would make them realise that there was something happening and will make them understand that we do not want the buckets anymore.

Now when this suggestion was made, what response was there from the other people at the meeting?

COURT: Why are you interested in the response? We have got a decision now?

MR TIP: Yes.

COURT: Well, we have two decisions. The one decision was to go to the office and the next decision was: we do it now. That is the evidence. So I am not interested in the response.

MR TIP: Well, let me phrase it differently. What was the next thing that happened at the meeting? What did the people there do? -- After that decision was reached, the house got up, the audience, saying well, let us go and do it now. And when those who were at the table were trying to stop them from doing that, nobody was listening. When those at the table said we cannot

close the meeting like that, or just say this is the end of the meeting in that way; unfortunately people just left, they were no longer interested in listening to what was being said.

Before we go on to the events after the people had left, one last aspect of what was said at the meeting. Whilst you were there, did you hear any demands being made that the councillors should resign? -- No, that I do not know. I did not hear that being mentioned.

What did you do after the stage had been reached where people were now leaving the meeting? -- I also left with the people and it was agreed that we fetch the buckets. I therefore, because my place was far from that point, went to my brother's place namely Kid Mazibuko. On agreement between him and me, I took a bucket from his place.

And from his place? -- I went to the office where this bucket was going to be put.

COURT: All empty? -- In fact when we went there, the idea was to go and leave the buckets there and not empty them there.

Yes, did it turn out that way? -- No, it did not end up that way. What happened was that people arrived at the offices to put away the buckets there. A police officer started shooting from inside, as a result of which the people had to run away and in running away they dropped the buckets, which resulted in the contents of the buckets being spilled over.

MR TIP: Yes, just a few details about the events. When you were moving towards the board offices, can you tell his lordship whether there were others moving in the same direction as yourself?

COURT: Other people with buckets.

MR TIPS: Other people with buckets.

COURT: I take that for granted, otherwise it would have been only one bucket that was spilled.

MR TIP: Yes, let me..

COURT: But we heard the plural.

MR TIP: Yes, perhaps I should just ask directly. How many people in your estimation were moving towards the board offices with buckets? -- From estimation I would say they were 100 because people came from different directions, different roads which were leading to the office.

And were there any people moving in the other direction? -- There were people who were walking in the opposite direction. When I arrived there to put away the bucket I had with me, I found that there was already 20 to 25 buckets which had been left there, meaning that the people who had left those buckets had already left in my direction. And after I had left this one I had with me, there were also still some people coming towards the office with some buckets.

Now where exactly did you put your bucket? Where did you find the other 20, 25 buckets?

COURT: Why do you want all this detail about buckets? Why is it relevant? There was a protest, the way of the protest we know. It must have been very effective. What more do you want?

MR TIPS: Well, your lordship has heard from the witness that shots were fired.

COURT: Why do I want to know where he put his bucket?

MR TIPS: Because it is relevant to the question of why a shot should have been fired.

COURT: The question is disallowed. Next question. You must be relevant, Mr Tip.

MR TIP: Well.. You told his lordship earlier about a shot

from / ..

from a policeman at the board office. Could you describe more fully the circumstances of that. What did you see yourself? -- What happened is after having put the bucket there, I walked back to my place of residence. In order to go there, I had to walk past a hostel. Whilst walking in the vicinity of the hostel, I heard a shot that was being fired from behind me. In looking back I noticed that somebody was falling after that shot, as a result of which I started running home because something which I did not expect was now happening.

Now at the time of the shot, was anybody there attacking the board offices in any way? -- I would not say so because when I heard the sound for the first time, I looked back. I saw somebody falling. I started running away myself and the people in the vicinity of the office were already running away and I heard another two shots being fired. In other words, everybody was running away and there was nobody who was attacking the office.

Whilst you were in that vicinity, did anybody attack the hostel or interfere with it in any way? -- No, I did not see that happening. I only heard that there was some fighting there of course in the vicinity of the hostel, but on passing there I never noticed anything which was related to any attack to the hostel.

And did you pass the hostel in the days thereafter? -- On my way to and from work I walk past the hostel.

And were any of the hostel buildings damaged by fire at any stage? -- I already mentioned that I did not see any difference to the hostel which was an indication that the hostel is not what it was before.

Thank you.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR FICK: Is dit nie so dat in 1985

en / ..

en 1986 was u een van die sekretarisse van blok B, Duduza civic association nie? -- Nee, ek was nie 'n sekretaris gewees nie.

Ek stel dit aan u dat u was, maar ek sal dit daar laat. -- Nee, u kan nie vir my stel dat ek wel ene was nie en dan sê u weer dat u dit daar sal laat nie. Ek was nie ene nie.

HOF: Was u op die komitee? -- Watse komitee?

'n Komitee of 'n sub-komitee van die Duduza "civic association". -- In 1985 eers het ek 'n ondersteuner geword van die Duduza civic association. Dit was na die voorval van die toilet. Soos ander inwoners het ek ook maar geword.

MNR FICK: Ja, maar nou is die vraag het u net 'n gewone lid geword of was u lid van een of ander komitee van Duduza "civic association"? -- Kyk, as 'n mens praat van 'n persoon wat 'n lid is, my verstandhouding daarvan is dan moet daardie persoon in die bestuur wees van daardie organisasie, dit wil sê ek moes dan in die bestuurskomitee gewees het van die "civic association", maar om lid te word in die sin dat jy ook 'n inwoner is van daardie gebied waar die organisasie 'n tak het, dan beteken dit dat jy net 'n gewone lid of 'n gewone lid is van die gemeenskap. Maar as daar iets gesê word, dan dra jy ook by met 'n woord of twee. Dit beteken nie dat jy 'n lid is nie.

Nou maar as u alles klaar gesê het, antwoord net die vraag. Was u ook 'n lid van een of ander komitee van die Duduza "civic association"? -- 'n Komitee wat te doene gehad het met die "civic"?

Ja. -- Nou verstaan ek dit nie. Ek het nou net hier verduidelik as 'n persoon in 'n area woon en daar is 'n organisasie of 'n liggaam wat iets doen daar onder die mense wat in daardie area woon en dan het jy miskien 'n woord of twee bygedra, dit sien ek nie as 'n persoon dit gedoen het, dan beteken dit dat hy 'n lid is nie. 'n Persoon wat 'n lid is moet op die bestuur wees.

HOF / ..

HOF: Ja, die probleem wat die advokaat het en wat ek ook gehad het is u sê u is nie op die bestuur van die "civic" nie. Is u miskien op ŉ area-komitee of ŉ area-bestuur of gebiedsbestuur of gebiedsverteenwoordiger of iets van daardie aard? -- Ja, dit kan ek nou erken dat ek wel ŉ lid was van die area-komitee.

Ons loop darem ŉ lang pad, is dit nie? -- Nee, dit is omdat ek nie so goed verstaan het nie.

MNR FICK: En die lid van die area-komitee wat jy was, was by blok B? -- Ja.

En jy was die sekretaris van daardie area-komitee. -- As dit geskryf staan op ŉ dokument dat ek ŉ sekretaris was, ek was nog nooit ŉ sekretaris gewees nie. Op geen stadium nie.

Nou is dit reg dat die hele Duduza is opgedeel in area-komitees deur die Duduza "civic association" en op daardie manier het hulle die woongebied beheer. -- Ja, Duduza was verdeel gewees in areas, maar dit is nie die manier waarop hulle dit nou beheer het nie, want elkeen daar teenwoordig was bereid gewees en het ingewillig om deur die "civic association" beheer te word.

Ken u ŉ mnr Tsakgane? -- Wat is sy voornaam?

Eliya Moleko Tsakgane. -- Ja, ek ken hom.

Was hy ook in 1985 en 1986 lid van die Duduza "civic association"? -- Ek weet nie.

Weet jy of hy ooit lid was van die Duduza "civic association"? -- Ek sal nie ontken nie, want ek het nie alles geweet van die bestuur van die "civic association" nie.

Toe u in 1985 op die area-komitee gekom het in blok B, Duduza, het u vergaderings bygewoon van die bestuur van Duduza "civic association"? Net ja of nee. -- In 1985?

Ja. -- Nee, ek was nie.

Sê u vir die hof terwyl u op die area-komitee van die

Duduza / ..

Duduza "civic association" het u nooit enige bestuursvergaderings bygewoon van die Duduza "civic association" nie? -- Omrede ek gewerk het, het ek die meeste van die tyd nie vergaderings bygewoon nie.

Het u ooit enige bestuursvergadering van DUCA bygewoon? Net ja of nee. -- Behalwe die ene van die Dutch Reformed was daar nie 'n ander ene nie.

Die ene wat u nou van praat van die Dutch Reformed, is dit die ene van 17 Februarie 1985? -- Dit was die ene wat ek van praat.

Dit klink vir my na 'n massavergadering. Ek praat van 'n komiteevergadering van die bestuur, bestuursvergaderings. -- Ek onthou nie dat ek 'n vergadering van daardie aard bygewoon het nie.

Dan wil ek met u teruggaan na die tyd wat u sê so ongeveer 20 jaar terug is wat u na Duduza toe gekom het, en u het hierdie huis gekry wat aan u gegee is. Wie het die huis aan u verskaf? Watse raad, wie was in beheer van Duduza op daardie stadium? -- As ek reg onthou dit was 'n mnr Strydom.

Van die munisipaliteit? -- Ja.

Nou is dit so dat 'n klomp huise is in daardie stadium gebou soos u dit aan die hof beskryf het, net die dop en dit was aan die gemeenskap verhuur met die bedoeling dat die gemeenskap self verder kan verbeter aan die huis? -- Ja, net wat betref die mense wat getrek het van Chatiston af na Duduza toe. Dit weet ek van dat hulle almal in daardie toestand was.

Nou kan u vir die hof sê dat die rede hieragter wat vir julle gegee is, is gevoel dat dit is beter dat hulle 'n klomp huise tot op hierdie stadium bou en dan die gemeenskap laat verder bou as wat hulle 'n paar huise klaar bou en dan sit 'n klomp mense sonder huise. -- Daardie vraag van u verstaan ek nie.

Laat / ..

Laat ek so vra: is vir julle gesê julle kry die huise in hierdie toestand omdat die munisipaliteit wil soveel huise as moontlik gee vir die inwoners wat hulle self kan verbeter? -- Nee, ons was nie bymekaar geroep om dit gesê te word nie, want die huise waarvandaan ons getrek het was volledig. Dit het alles gehad. Het hulle ons geroep om dit vir ons te sê, dat dit die idee was, sou ek dit hier in die hof erken het.

Vergeet nou die bymekaarroep. Het hulle dit vir u gesê? Net ja of nee. -- Nee, dit was nie aan my gesê as 'n persoon nie. Toe ek gevra het van die man in beheer by Chatiston, mnr Coetzee, of daar elektrisiteit was by hierdie huise waarheen ek trek het hy vir my gesê nee, maar dit sal nie lank wees nie of alles sal gedoen word. Jy moet net daar gaan, dit sal in 'n kort tyd gedoen word.

Nou het u op daardie stadium toe u getrek het, geweet wat die finansiële posisie was van die munisipaliteit, ja of nee? -- Nee.

HOF: Praat u van finansiële posisie of van finansiële prioriteite?

MNR FICK: Posisie eerstens. Duduza is later oorgeneem deur die gemeenskapsraad, is dit reg? -- Ja.

Het u op enige stadium geweet wat die posisie is van die gemeenskapsraad met betrekking tot die fondse tot hulle beskikking, of hulle genoeg geld het wat hulle deur huur kry of nie? As ek praat van genoeg geld, bedoel ek genoeg geld om die plek ordentlik in stand te hou en te verbeter. -- Dit sou ek geweet het indien hulle ons aanvaar het soos mense wat kan self dink met gedagte. Dat hulle vir ons sê kyk, dit is die posisie. Vandag sou ek hier gestaan het en geweet het wat die posisie was omdat hulle dit vir my gesê het; dat hulle dit nie sommer so

doen / ..

doen dat hulle mense vat sonder dat hulle gedink het of die mense self kan dink nie.

Goed, jy het klaar geantwoord. Net ja of nee - het die raadslede van die gemeenskapsraad op 'n stadium ooit vir julle gesê maar kyk, daar is nie genoeg geld nie? -- Nee, hulle het ons nie gesê nie. U weet hierdie mense, toe hulle daar luidsprekers gebruik het dat ons vir hulle moet gaan stem, dat hulle op die raad moet kom, het hulle gesê daar gaan verbeteringe kom. Dit sal nie meer wees soos toe ons oupas die plek beheer het nie. Hulle gaan nou oorneem, ons sal 'n verbetering sien.

So as enige iemand anders in hierdie hof kom getuig het dat die raadslede het op 'n vergadering aan julle meegedeel dat hulle het ondersoek ingestel en daar is nie geld vir verbeterings nie, dan het daardie persoon leuens vertel?

MR TIP: I object to that. If the witness was not at that meeting how can he be asked to comment on such a proposition?

HOF: Ja, hoe kan u dit stel aan die getuie?

MNR FICK: Soos die hof behaag, ek sal dit daar laat. Die volgende aspek, u het gepraat van 'n R4 verhoging van huur per maand.

HOF: Nou wil ek net by u weet wat die verhoging betref, wat was u basiese huurgeld? -- Oorspronklik was die huurgeld daar R7,50 tot dit by R9 gekom het. Elke keer as dit verhoog word, dan sê hulle daar kort nog net 'n klein bedraggie; alles gaan nou regkom.

U moet nou nie - luister nou mooi. U gaan miskien baie lank hier saam met ons wees. Dit is miskien baie gesellig, maar ek weet darem nie. U moet net die vraag antwoord en nie nog 'n stukkie bylas as dit nie gevra word nie. So die huurgeld was nou eers R7,50. Wanneer was dit? -- In 1975.

Toe word dit R9, en wanneer was dit? -- Ek kan nie meer onthou / ..

onthou nie.

Omtrent? -- Ek vind dit moeilik. Ek wil nie omtrent sê nie want dit lyk vir my as ek dit sê, sou dit beteken as ek later gevra word, dan sal ek nie seker wees wat ek omtrent gesê het nie. Ek beter dit nie doen nie.

Ja nou goed, het dit toe by R9 opgehou? -- Nee, dit was verhoog tot R19.

Wanneer was dit R19? -- Ek kan nie die presiese jaar onthou watter jaar dit was nie.

Die R4 verhoging, kan u daardie jaar onthou? -- Laat ek nou eers bietjie dink. Dit was in 1984 gewees. Dit kan wees dat dit in 1984 was.

Dit is nou met die onluste? -- Nee, ek onthou nie meer nie.

Was dit R19, toe het die R4 daar bygekom, of was dit R15 waarby R4 gekom het wat dit toe R19 gemaak het? -- Hier in die 80s toe die R4 verhoging in werking gekom het, die bedrag het dan geword R22,50 of R22,75.

MNR FICK: Nou net om die ding te voltooi, daarna was daar 'n verhoging van gepraat van R9 per maand? -- Ja.

Nou weet u wanneer daardie verhoging aangekondig is? -- Niemand was in kennis gestel gewees oor die R9. Ek het net van my vrou gehoor toe sy gaan betaal het, wat sy terugkom en vir my sê dat die kantoor sê die geld is te min. Dit is R9 te min.

HOF: Wanneer was dit? -- Wil u die jaartal hê?

Ja. -- Ek is bietjie deurmekaar met die jare, watter jaar dit was. Ek onthou nie meer nie.

MNR FICK: Nou die kwessie van die R4 verhoging, wat is gesê waarvoor is die R4 verhoging nodig? -- Wat gesê is, is dat dit bedoel was vir die verbeterings wat moet gebring word aan die lokasie.

Ja / ..

Ja, maar vir wat nou? Teerpaaie of vir watse goed? -- Hulle het nie spesifiseer nie, dus het ons verwag dat alles aangepak sal word wat net bedoel is vir die verbetering van die lokasie se toestand.

Daar is nie een enkele item genoem of uitgesonder waarvoor hierdie R4 aangewend sou word nie, daar is net gesê in die algemeen ter verbetering. -- Ek onthou nie dat dit spesifiek genoem was nie. Dit was nie gesê nie. Al wat gesê was is dit het te doen met die verbetering van die lokasie.

En toe die R9 verhoging nou in werking tree, het hulle gesê waarvoor dit gebruik gaan word? -- Ons het daarvan gehoor al het ons dit nie direk van hulle gekry nie, dat die "sewerage system" aangepak gaan word.

Het u op geen manier van die raadslede by vergaderings, openbare vergaderings, pamflette of enige ander dokumente ooit gehoor waarvoor hierdie R9 aangewend gaan word nie? -- Nee, nie van hulle af dit gekry nie. Ek het net van die gemeenskap daar gehoor toe dit gesê was dat dit vir die "sewerage" was.

Is my afleiding dan reg, u het op geen stadium ooit in 1984 of 1985 enige vergaderings bygewoon, openbare vergaderings belê deur raadslede in Duduza nie? -- Ek het nie daarvan gehoor nie. Al het hulle miskien gesê dat ek daarvan gehoor het, ek sou nogtans nie die vergadering bygewoon het nie, want ek weet hulle sou presies die gewone ding gedoen het naamlik dat hulle die oumense bymekaar roep daar en beloftes maak aan hulle wat hulle nooit uitvoer nie.

Meneer, die hof het u al gevra en nou vra ek u weer. Antwoord asseblief net die vrae, moenie uitwei oor 'n ding as dit nie nodig is nie. Verstaan ons mekaar? -- Ja.

Nou van 1983 af tot 1984, het u oor daardie twee jaar

enige / ..

enige openbare vergaderings van raadslede bygewoon, ja of nee? -- Nee.

Het u oor daardie twee jaar 1983 tot 1984, enige dokumente gekry wat deur raadslede uitgereik is vir die inligting van die inwoners? -- Nee, ek het dit nie gekry nie.

Is dit so dat die verkiesing van die raadslede vir Duduza was ook in 1983 toe die groot landswyse verkiesing van raadslede gehou was? -- Ek weet nie.

U het vir die hof gesê u het op 'n stadium gehoor van die Duduza "civic association", maar u het nooit vir die hof gesê wanneer nie. Wanneer was dit? -- Die presiese datum sal ek nie kan sê nie, dit wil sê die dag van die maand, die maand self of die jaartal. Ek het dit vergeet.

Dan die begrafnis van 4 November 1984, dit is die begrafnis van Douglas Nchunu. Hoekom het u die begrafnis bygewoon? -- Die 4de van..?

Die elfde maand, 1984.-- In die eerste plek ek het saam met die persoon gewerk. Tweedens, hy woon naby my.

Nou u sê vir die hof u was in die saal waar die diens gehou was? -- Ja, ek was daar maar ek het buite die saal gestaan.

As u praat van die saal, praat u van die kerk of praat u van die gemeenskapsaal? -- Ek praat van 'n plek waar die gemeenskap bymekaar kom.

En waar - het u die kis daar by die saal gesien? -- Nie binne in die saal nie. Ek het buite gestaan daar by die deur. Met die uitkoms van die lyk daar in die kis, is hulle by my verby, dus het ek dit gesien.

En die "hulle" wat by u verby is, is dit mense wat die kis gedra het bo hulle skouers of op hulle skouers? -- Nee, dit was nog nie daardie mense gewees nie. Dit was nog hierdie mense

wat / ..

wat die kis dra na die lykswa toe.

Nou die kis, is hy toe vervoer van die saal, die gemeenskapsaal na die begraafplaas?-- Nee.

Nou hoe het die kis by die begraafplaas gekom? -- Die ooreenkoms was dat die kis per lykswa vervoer sou word vanaf die gemeenskapsaal tot by 'n sekere punt, dit wil sê 'n sekere straat waar die medewerkers van die oorledene dan die kis per hand sou gedra het tot by sy plek waar hy gaan rus.

Nou net duidelikheidshalwe, toe hulle die kis gedra het, die mense, het u dit gesien? -- Ja, ek het dit gesien want ek was tussen die klomp mense wat in die stoet was, heel voor, wat onmiddellik na die klomp kom wat die kis gedra het.

Nou het die mense - dan is dit die kis, dan die mense wat geloop het en was daar voertuie? -- Ek kan dit nie met sekerheid sê nie, maar dit was die kis en of die mense wat te voet was na die kis en dan paar voertuie of eers die paar voertuie en dan die voetgangers agter. Ek is nie meer seker van die posisie van die twee nie.

Nou net 'n laaste vraag oor hierdie kwessie. Hoe ver van die begraafplaas af het die mense die kis uit die lykswa uitgehaal en begin dra? -- Dit was nog taamlik ver want wat daar gebeur het is per lykswa is hierdie kis uit daardie perseel van die gemeenskapsaal in die straat ingedra, 'n endjie ver vanaf die plek. Toe was die kis weer gedra deur die werkers.

<u>HOF</u>: Hoe ver het die lykswa gery? 'n Blok of twee? -- Dit is vir my moeilik om 'n skatting te gee, maar ek skat 'n distansie van drie lokasiehuise se persele, was die distansie wat die lykswa gery het met die kis. Dit wil sê vanaf die gemeenskapsaal tot buite die hek, 'n endjie buite die hek.

So eintlik basies was dit net van voor die deur tot buite

die / ..

die perseel? -- Ja, dit het gery tot net buite die hek, uit die perseel uit en net 'n draai gemaak in die straat in en toe het die lykswa gestop en die kis is toe daar uitgehaal.

Nou hoekom is hy dan in die lykswa gelaai? -- Nee, dit sal ek nie weet nie. Die mense in beheer van daardie begrafnis sal dit beter weet.

MNR FICK: En toe die mense nou die kis uit die lykswa uithaal het hulle dit op hulle skouers gesit en hulle het met die pad reguit aangeloop? -- Ja, direk na die begraafplaas.

Met 'n reguit pad, reguit aangeloop? -- Nee, die pad wat gebruik word om by die begraafplaas uit te kom het draaie, dit is nie 'n reguit pad nie.

Nou wil ek net 'n laaste ding hieroor vra. Toe die mense die kis nou uit die lykswa uithaal, hoe ver was hulle van die volgende draai af wat hulle moes gevat het om die lyk na die begraafplaas te dra? 'n Myl, kilometer, weet jy hoe ver dit was? -- Nee, daar was hulle die eerste keer so gedraai het was dit nie 'n myl gewees nie. Dit kan wees.

U sien, hoekom ek die goed vra, dit lyk my die hof het nou drie weergawes van die verdediging oor wat daar gebeur het. U sê vir die hof hulle het net by die hek uitgekom en toe het die lykswa gestop en toe is die lyk gevat. Omtrent 'n halfkilometer van die volgende draai af. Mnr Tsakgane wat ook by dieselfde begrafnis was, hy sê in volume 381, bladsy 22 115 die volgende: "Just when it was about to take the next corner to the graveyard, the people stopped and the coffin was taken out and carried shoulder-high". Terwyl mev Tobela in volume 367 op bladsy 21 119 die volgende te sê het: "Het u dit by die saal die laaste keer gesien, dit is die kis? -- Nee, ek het die kis gesien. Die kis was nie in 'n voertuig vervoer nie, dit was

gedra / ..

gedra na die brafnis. Dus met die stoet het ek die kis die hele pad gesien". Nou wat is nou die waarheid? -- Ek getuig oor wat ek hier vir die hof vertel en wat my betref. As daardie persoon sê dat hy of sy ook die waarheid praat volgens sy of haar waarneming dan is dit wat daardie persoon sê.

Nou ek stel aan u, u vertel 'n onwaarheid oor wat hier aan die gang is by hierdie begrafnis. U vertel dit omdat u wil verdoesel dat daardie kis was toegemaak met 'n swart, groen en geel vlag. -- As dit u opmerking is dat ek nou hier leuens vertel is dit u opinie daardie. Ek vertel die waarheid soos wat ek van weet dat dit die waarheid is.

En verstaan ek u reg, u sê daar was geen COSAS-baniere by hierdie optog nie? -- In die optog?

In die stoet. -- COSAS-baniere?

Net so. -- Ek sal sê waar dit vir my sigbaar was, het ek dit nie gesien nie. Indien daar ene was, dan was dit versteek of verberg iewers waar dit nie sigbaar was nie, maar vir my was dit nie sigbaar nie.

Die getuienis is vir die verdediging, onder andere, dat daar was baie COSAS, FOSATUs en ander vakbond-baniere. -- Verwag u 'n antwoord van my?

Ek hoop so. -- Ek dink ek het hier vir die hof gesê wat alles ek gesien het, watter baniere. Ek het daar na die begrafnis toe gegaan, ek het gekonsentreer op die begrafnis. Wie ookal dit sê dat daar soveel baniere was, miskien het daardie persoon gekonsentreer op die baniere.

En was daar gesing by hierdie begrafnis? In die stoet? -- Terwyl die stoet beweeg het?

Net so. -- Ja, daar was gesing gewees.

Wat oor die algemeen bekendstaan as "freedom songs"? -- Ek

weet / ..

weet nie of dit nou ook in daardie lig gesien word nie, maar ek weet van 'n lied wat gesing was daar oor die werkers.

En daar was 'n lied..(tussenbeide)

HOF: Is dit nou "Hlanganane Basebenzi"? -- Ja, dit is juis die ene wat ek onthou.

MNR FICK: En die lied "Si Yaye Epitoli"? -- Nee, ek ken nie daardie ene nie. Het ek daarvan gehoor ek sou dit miskien onthou het.

En "Senzeni Na"? -- Ek het dit nie gehoor nie. Ek sal nie ontken nie, dit kan wees dat dit gesing was.

Is dit reg dat daar was nie eintlik, of ons probeer die ding so doen: daar was nie kerkliedere gesing deur hierdie stoet nie? -- Ek sal nie weet voor ek by die saal opgedaag het nie, want daar was 'n predikant gewees wat die kerkdiens gehou het daar.

HOF: Ek het gedink julle het gepraat van die stoet. -- Is die vraag op pad na die begraafplaas toe is daar nie kerkliedere gesing nie?

MNR FICK: Korrek. Kan ons 'n antwoord kry een of ander tyd? -- Van wat?

Dat daar geen kerkliedere gesing is deur die stoet nie. -- Op pad met die stoet was daar geen kerkliedere gesing gewees nie. Die liedere wat daar gesing was, het gegaan oor die werkers.

Ek wil nou met u oorgaan na die vergadering van 17 Februarie 1985. Is dit reg dat die vergadering wat u bygewoon het is geadverteen deur BEWYSSTUK ABA.48, dit is die pamflet wat u gekry het wat u uitgenooi het na hierdie vergadering toe? -- Nee, nee. Al het ek vergeet van die een wat ek gekry het, dit was nie in hierdie vorm nie. Dit was nie soortgelyk aan hierdie een nie.

Verstaan ek u getuienis reg dat die kwessie van die neem van die emmers was daar gedebatteer lank en toe het die

raad / ..

raad, die vergadering 'n besluit geneem oor wat gedoen gaan word? -- Ja.

En was daar gestem, hande opgesteek oor hierdie besluit? -- Nee.

Nou hoe is tot die besluit gekom dat hierdie goed nou uitgegooi word, ag gedra word na die administrasieraadkantore? -- Ek het alreeds vir die hof gesê dat met my aankoms daar was hulle besig om te praat. In daardie besprekings, terwyl ek daar was, hierdie persone het sommer hardop geskreeu en gesê dat die emmers sommer gevat word na die kantore toe en die beaming daarvan was deur almal, deur te sê dat ons stem saam.

Nou die persoon wat daar geskree word dat die emmers moet gevat word, het die persoon gesê wanneer dit gedoen moet word? Onmiddellik? -- Die persoon het hardop geskreeu toe die persoon dit gesê het en die meerderheid van die mense teenwoordig daar het as gevolg daarvan opgestaan. Dit het toe vir my duidelik geword dat dit beteken dit word nou gedoen.

Die persoon wat dit geskreeu het, was dit 'n man of 'n vrou? -- Dit was 'n vroumens.

En toe die gehoor nou skreeu: ja, of altans, die gehoor het opgestaan en saamgestem, wat het toe gebeur? -- Die persoon wat daar voor sit het dit toe probeer stop deur te sê: Wag julle laat ons nou die ding mooi praat. Die mense het net uitgegaan en gesê hulle loop. Hulle is toe uit.

Sê vir my, was daar jeugdiges op hierdie vergadering? -- Ja hier en daar. Nie soveel nie.

Het hulle deelgeneem aan hierdie besluit om die emmers te vat na die raadskantore toe? -- Ek sal nie kan sê nie. Soos ek alreeds vir die hof gesê het, daardie klompie wat daar teenwoordig was, was daar gewees. Met ander woorde, hulle het die

vergadering bygewoon.

Wag nou, laat ek nou vra. Die klomp mense wat daar geskree het hulle stem saam en hulle staan op, was dit die volwassenes of was dit almal deurmekaar wat so besluit het? -- Dit was aan die kant van die vroumense se sitplekke want die manier waarop ons daar gesit het was die manier waarop mense sit in die kerk. Die vroumense sit eenkant en die manspersone eenkant.

Kom ek vra u so. Die idee dat hierdie goed onmiddellik gevat moet word, die emmers, na die raadskantore toe, het dit gekom van die gehoor as geheel, of die vrouens, of van die jeugdiges op die vergadering?

HOF: U stel die vraag verkeerd, want die idee het gekom van een vrou.

MNR FICK: Kom ek vra u so: het die jeugdiges as 'n groep op hulle eie deelgeneem of enige spesifieke iets te sê gehad oor hierdie vrou se versoek dat die emmers geneem moet word na die administrasieraad se kantore toe? -- Ek weet nie, want toe die voorstel daar bekend gemaak was, het die mense almal saamgestem daarmee en toe was daar opgestaan gewees. Ek sal nie kan sê of dit die jeugdiges is wat opgestaan het eers of wie eerste opgestaan het nie, maar in die algemeen het die mense daar opgestaan.

Maar wat ek bedoel is die jeugdiges het nie as 'n groep, toe die vrou sê dit moet uitgegooi word, gesê as 'n groep: dit moet nou gedoen word nie? -- Niemand het gesê laat dit sommer nou gedoen word nie. Soos ek sê niemand was verplig. Die voorstel het vanaf 'n vroumens gekom en as gevolg daarvan was daar 'n beweging gewees van die vergadering.

Was die saal vol of was daar nog plek binne die saal? -- Dit was vol.

U / ..

U sien, dié getuienis is strydig met wat die verdediging gestel het wat op hierdie vergadering gebeur het. Die verdediging het gesê die volgende het gebeur op hierdie vergadering - volume 117, bladsy 5 821, die tweede paragraaf. "Al was u nie op die vergadering nie, wil ek tog ŉ paar details aan u stel om die agtergrond te beskryf. Dit was hierdie vrou se voorstel dat dit op die volgende dag moes gebeur en toe het van die jeugdiges daar teenwoordig besluit dat hulle ŉ bietjie ongeduldig is want hulle wou direk van die nagemmers daar na die kantore toe neem", soos u nou getuig het en het wel gebeur. -- Verwag u ŉ antwoord van my af?

Ja, wat is die waarheid? -- Ek kan nie ŉ rede sien hoekom die jeugdiges die grootmense sou verplig het om dit sommer dadelik te gaan doen nie. Soos ek alreeds gesê het, dit was ŉ voorstel wat van ŉ vroumens se kant gekom het, en die vroumense het daar opgestaan en selfs op pad, die oumense was die meeste, die ouers gewees. Daar was wel hier en daar jeugdiges wat deelgeneem het.

En dan wil ek aan u stel dat mev Tobela oor dieselfde vergadering getuig en sy sê daar was geen jeugdiges op daardie vergadering nie. -- Nou kan ek antwoord seker?

Ja. -- Dit is hoe sy waargeneem het dat daar glad nie jeug-
K1333 diges was nie.

En mev Tobela het in volume 366, bladsy 21 101 gesê: "Ek wil aan u stel dat daar is gestel dat ŉ dame het gedurende die vergadering aan die gehoor voorgestel dat die nagemmers moet na die raadskantore gedra word uit protes teen die stelsel, maar sy het eers voorgestel dat dit eers die volgende dag gebeur. -- Sy het gesê dat dit die volgende dag gedoen word, maar die mense by die vergadering het gesê nee, dit moet nou gedoen word". --

Die / ..

Die vergadering bestaan mos uit die mense daar teenwoordig by die vergadering.

Ek stel dit aan u, u getuienis oor wat gebeur het op die vergadering op 17 Februarie 1985, is vals. U probeer wegskram van DUCA se aanspreeklikheid vir hierdie daad. -- Ek weet van niks wat ek probeer om te verdoesel aangaande die "civic association" nie, want wat my betref het ek alles vir die hof vertel. Ek dra geen kennis daarvan dat daar iets verberg is nie.

Is dit nie so dat dieselfde dag wat hierdie nagemmers geneem is, was daar ook geweldpleging in die woongebied nie? Daar is polisiemanne se huis afgebrand, drie om die waarheid te sê. -- Ek weet nie daarvan nie.

Het u op geen stadium op daardie datum gesien dat enige geweld uitgebreek het in Duduza nie? -- Is dit nou op die dag van die emmers?

Ja. -- As ek reg is, ek het hier vir die hof gesê dat na die klap van die vuurwapen, het ek gevlug.

Ek wil aan u stel dat daar was geen besluit gewees dat hierdie nagemmers netjies neergesit moes word by die raad se kantore nie, maar julle het hierdie goed gaan uitsmyt daar. -- Was daar enigiets gesê dat dit daar uitgegooi moes word..

Ek stel (gelyk).. -- ..sou ek dit ook self gedoen het, dat ek dit uitgooi en die emmer terugbring.

Sê nou net vir my, as dit nou julle idee was dat hierdie emmers moet nou daar netjies neergesit word en dan loop julle weg, hoe het julle gedink wanneer gaan julle weer die emmers kry? -- Die terugkry van hierdie emmers was nie 'n belangrike ding nie.

Nee, ek sou dink dit is belangrik want wat gaan julle intussen gebruik? -- Ons is gewoond daaraan. Hierdie emmers raak vol en dan grou ons 'n gat in die "yard" in. Ons sou maar

dieselfde / ..

dieselfde gedoen het dat ons die gat grou.

Tot in lengte van dae? -- Verskoon my?

Julle sou dit aanmekaar gedoen het? -- Dit sou 'n aanduiding gewees het om dit bekend te maak dat daar nie geluister word na ons klagtes wat ons oor kla nie.

Ek dank u, ek het geen verdere vrae nie.

RE-EXAMINATION BY MR TIP: No further questions.

NO FURTHER QUESTIONS

MR BIZOS: Unfortunately there is no other witness to call this afternoon, but I would like to explain to your lordship how this has come about. We had two further witnesses, short witnesses; one from Sharpeville and one from Sebokeng, waiting since yesterday. We thought that they would be heard this week but when we heard the length that was taken to cross-examine the youth that was called by Mr Yacoob telephonically, I decided yesterday that one of the persons that was waiting there is a school teacher who had arranged with the principal to take yesterday off in the hope that she would be called yesterday, and she obviously felt very uncomfortable. She is newly qualified and I said she did not have to come today, but we did have an insurance policy, another person who would in the ordinary course of events have been able to come but she phoned mid-morning this morning to say that she had family problems and she could not come. So we would ask your lordship to take the adjournment at this stage.

COURT: Yes, very well. What date is Monday?

MR BIZOS: 2 May. And for the continuity of the proceedings, not to be interrupted next week, and it is really part of the reason for my absence from this court, we are calling a fairly long witness on Monday. I would like to give her name and

the area that she is going to cover so that we do not interrupt the proceedings. It is Mrs Sheena Duncan from the Black Sash who will speak of some of the similar work done by the Black Sash over a period as the UDF and covered by the indictment, and the relationship between the Black Sash and the UDF during the period of the indictment.

COURT: I take it you will have other witnesses apart from Mrs Duncan for the rest of the week?

MR BIZOS: Oh yes, m'lord, oh yes. I do not think that she will be that long.

COURT: Yes, and you must bear in mind that it is a public holiday on Friday, tomorrow week. It is 6 May, it is a new public holiday.

MR BIZOS: Yes, we have noted that.

COURT: So the courts will not sit on that day.

MR BIZOS: What is your lordship going to do when the 12th is Ascension Day and the following day is a Friday?

COURT: We have not thought about the Friday yet.

MR BIZOS: Well, the people working with me have asked whether your lordship is going to sit on that day or not. I do not think anyone intends taking a holiday, but we would like to make arrangements.

COURT: We had intended sitting, but I will discuss it with my assessor. We have sort of tentatively discussed that we might work in the Monday just before the last day of the month, that is 30 May, to make a long week-end. That we will have to work in then.

MR BIZOS: Yes.

COURT: But we have not discussed anything about the day after Ascension Day. But you can in the meantime think about (30

working / ..

working in the Monday of the 30th.

MR BIZOS: Well, if your lordship needs half an hour earlier in the morning..

COURT: Yes, half an hour earlier.

MR BIZOS: No, I think that that would be in order.

COURT: Well, discuss it and let me know in due course.

THE COURT ADJOURNS UNTIL MONDAY, 2 MAY 1988.

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I2-37-391**
*Document Title:-* **Vol 391 p 22599-22653. Witnesses: Modise, Masibuko**